

Laerskool Jan van Riebeeck: Graad-gids vir ouers

Inleiding

Ouers voel soms oorweldig deur hul kinders se skool- en huiswerk, en is nie heeltemal seker hoe om hul kind te ondersteun en te help nie. Hoe lank moet die kinders huiswerk doen? Hoeveel hulp is te veel? Kry die kinders nie te min huiswerk nie? Is die skool se standaard hoog genoeg, of dalk te hoog? Hoe gemaak wanneer daar 'n probleem met 'n spesifieke onderwyser is? Watter soort hulp is daar vir kinders met leerprobleme of ander ontwikkelingsprobleme?

Terselfdertyd ervaar onderwysers geweldige uitdagings, onder meer as gevolg van die spanning tussen beleid en praktyk. Aan die een kant is daar die amptelike kurrikulumbeleid van die nasionale Onderwysdepartement (genaamd CAPS – Curriculum and Assessment Policy Statement, of KABV in Afrikaans – Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring) wat geweldig voorskriftelik is, tot só 'n mate dat sekere metodes (in bv Wiskunde) heeltemal ontoelaatbaar is. Aan die ander kant is daar onderwysers se ervaring, sowel as wêreldwye “best practice” wat die waarde beklemtoon van verskillende metodes vir verskillende kinders, wat erken dat almal nie op dieselfde manier leer nie, en wat beklemtoon dat die holistiese ontwikkeling van die laerskoolkind baie belangrik is vir latere akademiese sukses.

Die Laerskool Jan van Riebeeck onderskryf die holistiese ontwikkeling van kinders, en dit is waarom bykomende periodes by die skoolrooster ingewerk word (bv biblioteekperiodes, rekenaars, ens) wat nie streng volgens die kurrikulumvoorskrifte is nie, maar wat uiters belangrik is vir 'n gebalanseerde opvoeding. Die skool word egter gemeet aan hoe nougeset die beleidsvoorskrifte nagekom word.

In die lig van hierdie bekommernisse en uitdagings het die Akademiese Komitee besluit om 'n *Graad-gids vir die ouers* van die Laerskool Jan van Riebeeck saam te stel. Die onderwysers van elke graad het insette gegee in die saamstel van die materiaal. Die handleiding het die volgende doelwitte:

- Om vir ouers 'n oorhoofse idee te gee van wat die onderwysers in 'n spesifieke graad wil bereik met hulle kinders, en wat die visie vir 'n sekere graad is. Hier sal ontwikkelingsaspekte soos selfstandigheid, waagmoed, redenasievermoë, ens ingesluit word.
- Om vir ouers 'n bondige oorsig te gee van die vakke in 'n sekere graad, en insig te gee oor waarop hulle spesifiek klem gaan lê.
- Om vir ouers 'n idee te gee van die assessering wat in 'n spesifieke graad gedoen moet word, en hoe hulle kan help daarmee.
- Om vir ouers oor huiswerk in 'n sekere graad leiding te gee: Wat is die doel daarvan? Hoe lank behoort dit te neem? Is dit aanvaarbaar om soms geen huiswerk te kry nie? Hoeveel moet die ouers help en moniteer?
- 'n Bespreking van die drie belangrikste rolspelers in 'n graad, en hul onderskeie verantwoordelikhede: ouers, onderwysers en kinders.

Elke graad word na aanleiding van bostaande afdelings bespreek, en die kwessies wat op alle grade van toepassing is, word in hierdie inleidende afdeling bespreek. Ons verwys ouers ook graag na die Akademiese en assesseringsbeleid op die skool se webwerf vir meer besonderhede (<http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf>).

Kliek hier om reguit na u kind se *Graad-gids* te gaan:

Graad 1

Graad 2

Graad 3

Graad 4

Graad 5

Graad 6

Graad 7

Barrett se taksonomie

Bloom se taksonomie

Kommunikasie

Alhoewel die bestuur van Jan van Riebeeck 'n oopdeur-beleid het, is dit belangrik dat ouers die regte kommunikasiekanale volg.

Die mees effektiewe kommunikasie oor die welsyn van 'n kind, is direk tussen die ouers en die klasonderwyser, aangesien hulle gedeelde verantwoordelikheid het ten opsigte van die kind. Enige probleem moet dus eers met die klasonderwyser bespreek word.

Indien die probleem na die ouer se mening nie na wense aangespreek word nie, kan die volgende kanale gevolg word: gesprek met die vakhoof of graadhoof, of departementshoof, en dan as laaste opsie 'n gesprek met die skoolhoof.

Vir besonderhede oor wie verantwoordelik is vir elke graad of vak, sien asseblief die organogram in die ouerhandleiding op die skool se webwerf (<http://www.jvrprim.co.za/administrasie/jvr-ouerhandleiding.html>).

Bykomende hulp by JVR

- Kinders wat intervensie benodig, word gewoonlik deur die klasonderwyser self tydens klastyd (in groepsverband) gehelp, of op 'n sekere middag ná skool vir die ouer kinders.
- Indien daar bestaande probleme is, moet die ouers aan die begin van die jaar reeds die onderwysers in kennis stel van die kind se geskiedenis (vroeg gebore, fisiese gebreke, sielkundige probleme, spraakprobleme, arbeidsterapie, emosionele probleme, allergieë, medikasie ens).
- Indien die klas- of vakonderwyser groot leerprobleme vermoed, sal die ouer in kennis gestel word. Indien die ouer leerprobleme vermoed, moet hulle dit direk met die onderwyser bespreek. Met oorlegpleging en toestemming van die ouers, word die kind dan verwys na 'n professionele persoon soos 'n opvoedkundige sielkundige waar daar toetse afgelê word en

die probleem geïdentifiseer word. Vandaar word professionele hulp dikwels aanbeveel om die probleem aan te spreek, bv. spraakterapie of arbeidsterapie.

- Dit is ideaal as ouers, onderwysers en terapeute in alle besprekings teenwoordig kan wees sodat almal bewus kan wees van alle aanbevelings of voorstelle.
- Die volgende professionele hulpbronne is beskikbaar by JVR, en hulle kan deel wees van die span wat na individuele kinders omsien. Dit sal egter altyd bemiddel word deur die skool – ouers mag nie dié hulpbronne direk kontak nie, maar moet dit deur die skoolhoof of Mev. Brink doen (sien in hierdie verband die Leerondersteuningsbeleid op die webwerf):
 - Annet Wilke: arbeidsterapeut
 - Vicky Taljaardt: OLSO (leerondersteuning)
 - Marike Badenhorst: opvoedkundige sielkundige

Van belang vir alle grade :

Liggaamlike Opvoeding

Liggaamlike Opvoeding (LO) is daarop gemik om die kind in geheel liggaamlik te ontwikkel en moedig daarom ook sportdeelname aan. Ouers se belangstelling in elke kind se ontwikkeling en sportdeelname word waardeer.

Kleredrag: Daar word van elke kind verwag om korrek geklee te wees vir 'n LO-periode. Die kleredrag is die sportdrag van Laerskool Jan van Riebeeck. Geen ander alternatiewe kleredrag is aanvaarbaar nie. Indien 'n ouer per brief of nota verskoning maak weens verstaanbare redes, is dit aanvaarbaar. Tydens swemperiodes MOET elke swemmer 'n swempet hê waarmee hy/sy kan swem. Dit kan by die skool aangekoop word.

Deelname aan LO: Elke kind is verplig om elke LO-periode by te woon en daaraan deel te neem. Indien 'n kind nie aan 'n LO-periode kan deelneem nie, is dit die betrokke ouer se plig om die onderwyser vroegetydig daarvan te verwittig. Elke saak sal op meriete hanteer word.

Dissipline: Kinders moet beseft dat dissipline tydens 'n LO-periode net so belangrik is as wat dit in 'n klaskamer sou geskied.

Assessering: Daar word een keer 'n kwartaal formeel geassesseer vanaf Graad 1 tot 7. Die assessering toets die kinders se vaardigheid, beweeglikheid en liggaamlike ontwikkeling. Informele assessering vind tydens elke LO-periode plaas en sluit in aspekte soos gedrag, deelname en kleredrag.

isiXhosa

Ons bied isiXhosa as spreektaal aan en fokus daarom baie op die ouditiewe aspek van die taal. Ons konsentreer op uitspraak (hoewel ons nie rigied is t.o.v. korrekte uitspraak nie). Ons hou lesse so prakties as moontlik en maak veral in die jonger grade baie gebruik van rympies, aksierympies en

liedjies. Die kinders word veral aangemoedig om die taal te gebruik met Xhosa- asook nie-Xhosa sprekers.

Biblioteek:

Die hoofokus in die biblioteek, is om lees vir kinders 'n positiewe en verrykende ervaring te maak. Hulle het toegang tot 'n wye verskeidenheid Engelse en Afrikaanse fiksie en nie-fiksie boeke, naslaanwerke, tydskrifte ens.

Die jonger grade word ook touwys gemaak in boekhantering, die algemene uitleg en werking van die biblioteek en klassifikasie van boeke.

Ons hou daaglik boek- en skrywerbesprekings en het jaarliks Engelse en Afrikaanse boekverkopings in die biblioteek. Ons ontvang ook gereeld besoek van gewilde skrywers en werk nou saam met ons Afrikaner-organisasie om nuwe boeke-nuus te deel en ons taal te verryk.

Kuns

KUNS AS VAK

Kunsonderrig by Laerskool Jan van Riebeeck is daarop gemik om kreatiewe denke by ons leerders te kweek. Leerders word blootgestel aan verskillende mediums, tegnieke, en kleurteorie in konteks van kunsgeskiedenis en ander kulture. Hierdie benadering ontwikkel kritiese denke en besluitnemingsvermoë en bou selfvertroue en 'n waardering vir verskillende perspektiewe. Terselfdertyd leer die kinders 'n visuele taal aan om uiting te gee aan 'n innerlike belewenswêreld.

PRIVAATKLASSE

Leerders ontvang tweeweeklik kunsonderrig in die kunsklas. Die kinders se kunswerke word op 'n deurlopende basis in die skoolgange uitgestal en is ook dikwels die fokus van spesiale uitstallings in die skool se voorportaal. Aanvullend tot ons skoolkuns, word privaatkunsklasse ook as buitemuurse aktiwiteit van Dinsdae tot Vrydae aangebied.

Rekenaarsentrum

Die doel van die sentrum is om vir al die Jannies die nodige vaardighede aan te leer sodat hulle die rekenaar as hulpmiddel kan gebruik tot voordeel van hulle skoolwerk. Die beginsel van Rekenaar Geïntegreerde Onderrig word toegepas in die sentrum, en daar is nou samewerking met die klasonderwysers om die vaardighede wat in die rekenaarsentrum aangeleer word, met klaswerk te integreer. Daar is ook programme tot die kinders se beskikking wat vir navorsing gebruik word, en dan word die internet natuurlik ook daaglik gebruik.

Smiddae is die sentrum oop en gebruik die kinders die sentrum vir navorsing vir hul klastake. Hulle mag uitdrukke maak teen 'n minimale koste.

Een middag per week word daar SPEAKROBOT-klasse aangebied deur 'n buitepersoon en die kinders wat daaraan deelneem betaal vir die diens. Hierdie program bied die geleentheid om met wiskundige metodes programmering te doen en moedig probleemoplossing aan.

Een maal per week kom die Gr.R-kindere van Huppelland ook vir rekenaarvaardigheidsklasse.

Die sentrum word ook gebruik om MATHLETICS te doen en die kinders kan sodoende hul wiskundevaardighede oefen en verbeter.

Musiek

By Laerskool Jan van Riebeeck is die kinders baie bevoorreg om musieklesse te kan neem. Lesse word tans aangebied in klavier, teorie, blokfluit, sang en kitaar.

Daar word van ouers verwag om die nodige boeke aan te koop, toe te sien dat hul kinders gereeld oefen en musiekgelde aan die begin van die kwartaal te betaal. Die kinders word blootgestel aan openbare optredes en kulturgeleenthede en skryf in vir eksterne eksamens en Eisteddfods.

Die waarde van spel vir 'n laerskoolkind

Kinders se programme is dikwels gepak met buitemuurse aktiwiteite, wat beteken dat hulle nie genoeg tyd vir vrye spel het nie. Dit veroorsaak dan 'n wanbalans, aangesien laerskoolkinders so dikwels as moontlik ongestruktureerde tyd gegun moet word vir fantasiespel, buitespel, speel met maats en kreatiewe spel. Vrye spel ontwikkel 21ste eeuse vaardighede soos kreatiewe denke en probleemoplossing, en dit dra by tot motoriese ontwikkeling.

Tegnologie is deel van ons lewens, en alhoewel dit 'n wêreld van kennis en vermaak vir die kinders oopmaak, is dit belangrik dat ouers die inhoud reguleer waaraan die kinders blootgestel word. Verder moet skerm-tyd (die totale tyd wat die kind spandeer voor die televisie, rekenaar, tablet en slimfoon) vir laerskoolkinders beperk word. Indien dit nie gereguleer word nie, is daar die moontlikheid dat dit kan bydra tot gebrekkige sosiale vaardighede, swak organisering en tydsbestuur, en selfs mediese toestande soos vetsug.

Hiermee dan 'n paar riglyne ten opsigte van vrye spel en opvoedkundige spel in die laerskool. Die tyd wat beskikbaar is vir vrye spel neem natuurlik af hoe ouer die kinders word, maar dit is steeds belangrik vir Graad 7-leerders om ongestruktureerde tyd te hê.

- Goeie keuses moet deur die ouers gemaak word sodat kinders nie smiddae aan te veel buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.
- Verbeeldingspel is veral belangrik en help met die skryf van stories en briewe.
- Bordspeletjies, kaartspeletjies en kreatiewe kunsprojekte is ook van opvoedkundige waarde.
- Naweke en vakansies is eerstens vir rus en vrye spel, maar as ouers hul kinders kan oortuig om te lees, en as dit vir hulle pret is, is lees 'n uitstekende opvoedkundige tydverdryf. Dit is egter van net soveel opvoedkundige waarde om met maats te speel, spesifiek buite.
- Gesinsuitstappies of –aktiwiteite is vir kinders heerlik, en kan selfs as beloning gebruik word vir goeie gedrag.
- Dit is belangrik dat reëls rondom skerm-tyd (TV, tablette, Playstation, X-box, ens) nie heeltemal verslap tydens naweke en vakansies nie.

Interessante leesstof

Hulpbronne

KABV/CAPS beleidsdokumente:

<http://www.education.gov.za/Curriculum/NCSGradesR12/CAPS/tabid/420/Default.aspx>

Inligting in Afrikaans vir take:

<http://www.mieliestronk.com/>

<https://af.wikipedia.org/wiki/Tuisblad>

Engels:

www.dictionary.com

Lys van hulpbronne vir ouers:

<http://www.yourparenting.co.za/child/learn/homeschooling/oulike-leermateriaal-vir-jong-kindere>

Wiskundeprogramme

<http://www.mathletics.co.za/> <http://www.livingmaths.com/> <http://tabtor.viaafrika.com/>

Aanvullende program vir 9-13 ouderdomsgroep

<https://mycyberwall.co.za/>

Artikels

Die opvoedkundige waarde van vrye spel:

<http://www.theatlantic.com/education/archive/2014/06/how-finland-keeps-kids-focused/373544/>

<https://www.psychologytoday.com/blog/moral-landscapes/201404/playing-school-more-important-we-thought>

Tegnologie en skerm-tyd:

http://www.nytimes.com/2011/10/23/technology/at-waldorf-school-in-silicon-valley-technology-can-wait.html?_r=0

Huiswerk:

<https://www.yahoo.com/parenting/school-stops-giving-homework-so-kids-can-play-112805337137.html>